

Ds. A. W. C. Bester  
Vredendal Wes  
22 Augustus 1976

Onderwerp: Die Brandwag

Lees: Eségiël 33 verse 1 tot 9

Teks: Eségiël 33 verse 2 tot 4

Sing: Psalm 84 vers 1  
Gesang 156 verse 3 en 5

“In tye van oorlog wanneer die vyandelike swaard die volk van God bedreig het, is brandwagte aangestel en op die stadsmure geplaas. Dit was hulle taak om wag te hou en die volk te waarsku sodra die vyandelike leërs in sig gekom het, sodat hulle gereed kon wees om weerstand te bied.

“Israel was omring deur volkere wat hulle vyandiggesind was en hulle voortbestaan gedurig bedreig het. Solank die HERE aan die kant van die Israeliete gestry het, was die vyande magteloos. Maar helaas, deur die toenemende afgodery het Israel meer en meer van die God van hulle vadere afvallig geword. En toe hulle hul rug op God gedraai het, het hulle ook die prooi van hulle vyande geword. Uiteindelik het Nebukadresar gekom, Jerusalem verwoes en die volk in ballingskap na Babilon weggevoer. Daar het die volk by die riviere van Babilon gesit en huil as hulle aan Sion gedink het. En onder hulle was Eségiël, die profeet van God. God het dit so beskik om hom in daardie donker uur na sy volk te stuur.

“As ons terugkyk oor ons eie volksgeskiedenis is daar ook groot rede tot bekommernis. Daar heers haas op elke terrein ’n krisis. Ons word materieel en veral geestelik bedreig. Die stryd om te bestaan het hewiger geword. Ons dink met kommer aan die toekoms van die opkomende geslag.

“Boonop maak die duiwel, die aardsvyand, gretiglik gebruik van elke beroering in die samelewing. Hy gaan rond soos ’n brullende leeu en soek om siele te verslind. Hy doen dit deur ons aan te por tot die sonde wat ons so maklik omring en soos ’n dodelike gif in ons werk, as dit nie uitgeroei word nie. Dit is die sonde wat ons die ewige dood sal laat sterwe: ‘Want die loon van die sonde is die dood’. (Rom 6:23)

“Die duiwel lê hom veral daarop toe om die jeug in sy besit te kry. Die opkomende geslag is die mees wondbare plek op die maatskaplike liggaam. As die duiwel hulle in sy mag kan kry, is dit met ons volk gedaan. Die toekoms van ons land, volk en kerk lê immers in hulle hande.

“Maar Broers en Susters, die vyande van ons volk is magteloos as die HERE God aan ons kant stry. ’n Volk groei as die volgende geslag beter en sterker is as die vorige. Daarenteen kwyn ’n volk as die jeug swakker en slegter is as hulle vaders.

“Insteede dat die stryd teen die sonde aangeknop word in die krag van die Heilige Gees, is daar vandag ’n sterk neiging onder ons om ’n soort kompromis met die duiwel aan te gaan. Sondes word vandag onder ons toegelaat, waarvan vorige geslagte niks geweet het nie. Wêreldsgesindheid begin dood en verderf onder ons saai. Die Bybel is vir ’n groot deel van ons volksgenote ’n geslote boek. Huisgodsdien is meer die uitsondering as die reël. Die kerk loop leeg, want vir baie Afrikaners het die Sondag ’n publieke vakansiedag geword. Ons is besig om onself geestelik te ontwapen, met die gevolg dat ons magteloos staan teenoor die swaard van die aartsvyand.

“Een van sy gedugte wapens in ons tyd en ’n wapen wat dreig om ons lam te slaan, is verdeeldheid op kerklike-, maatskaplike en politieke terreine. Hierdie verdeeldheid ondermyn die gesonde ontwikkeling van ons volk, verteer ons krag en maak van ons ’n speelbal van uitlandse invloede.

“Aan die anderkant, Broers en Susters, het ons nog nie so ’n onverskillige stadium bereik, dat ons nie meer wagtters aanstel nie. ’n Groot deel van ons volk is nog getrou aan die God van hul vaders. Selfs die ongelowiges onder ons sal huiwer by die gedagte dat die deure van die kerk gesluit moet word. Daarom ondersteun hulle selfs nog die kerk geldelik, alhoewel hulle nie veel daarvan gebruik maak nie.

“Wat is die wagter se plig? Hy het ’n uiters verantwoordelike taak. Hy word deur die volk aangestel en hulle vertrou op hom. Hy moet dus ’n nugter man wees, wat steeds ’n wakende oog oor sy volksgenote hou, anders kom die vyand onverwags en oorrompel die stad.

“Daarom Broers en Susters, as dit u hinder dat die leraar so dikwels en so aanhoudend waarsku; dat hy soms tot in die diepte van sy siel aangegryp word; dat hy op onverbiddelike wyse u geliefkoosde sondes

veroordeel; onthou dan dat hy nie anders kan nie. Indien hy ontrou is, word die bloed van die slagoffer van sy hand geëis. Die boodskap wat hy bring, is die boodskap van die Opperste Koning en daarom durf hy nie swyg nie.

“Dit is nie ’n aangename taak om die sondaar in sy sondeslaap te steur nie. Dit vereis moed om die sonde te bestraf. Maar wat die Evangelie betref, die dwang is hom opgelê. Wee hom as hy hom skuldig maak aan pligsversuim en vrede, vrede roep, terwyl daar geen vrede is nie.

“Die Basuin waarom alles draai, is die Woord van God, wat voorop in ons lewens moet staan. Dit is die kragtige middel waardeur sondaars tot berou en bekering gelei word. Dit is die middel waarvan die Heilige Gees gebruik maak om die hardste hart te verbrysel. En dit is die middel waardeur ons in die geloof bemoedig word.

“Die gepredikte Woord is nie uitgedien nie. Daar is geen krag op aarde soos die krag van die Evangelie nie. Dit is die krag wat ’n wêreldling kan herskep tot ’n kind van God.

“Oud President Steyn het by geleentheid gesê: ‘As my volk gered wil word, moet hy terugkeer na die kerkbanke.’ Daarom ontvang julle gedurig uitnodigings na die eredienste. Daarom neem ons nou weer die basuin op en roep julle toe met die woorde: ‘Ag, as julle vandag maar na sy stem wou luister! Verhard julle hart nie’. (Ps 95:7,8)

“Die wagter kan niks meer doen as om die waarskuwende geluid van die basuin te laat hoor nie. Daarmee is sy taak afgehandel. Dan is dit die hoorders, die Volk, se verantwoordelikheid. Dit is die dure plig van die wagter om te waarsku, maar dit is die dure plig van die volk om hulle te laat waarsku.

“Uit ons tekswoord is dit duidelik dat daar twee groepe is wat die geluid van die basuin hoor: Die een groep gee ag en vlug dadelik en word gered. Die ander steur hulle nie daaraan nie en word deur die swaard gedood. Só was dit in Eségiël se tyd; en só is dit vandag nog.

“Waarom sterf so baie in hulle sonde? Omdat hulle nie dadelik gehoor gee nie. Omdat hulle nie van die wagter hou nie en van die manier waarop hy die basuin blaas nie. Sommige soek verontskuldiging deur fout te vind met die kerk en sy ampsdraers. Dit sal hulle niks baat nie. In die oordeelsdag sal die enigste

vraag wees: Het jy die geluid van die basuin gehoor?  
En wie sal kan sê dat hy nooit gewaarsku is nie?

“Broers en Susters, daar sal ’n dag kom dat die geluid van ’n ander basuin gehoor sal word. Sy geluid sal deurdring tot in die graf. Dan sal almal voor die regterstoel van die Ewige Regter staan.

“Wat sal jou uiteinde wees?

“Amen.”